

Sosiale Impak
@
Universiteit Stellenbosch

2018



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100

1918 · 2018



Afdeling vir Sosiale Impak

Afdeling vir Sosiale Impak
Universiteit Stellenbosch
Privaatsak X1
Matieland 7602
Tel +27 (0) 21 808 3645
siadmin@sun.ac.za
<http://www.sun.ac.za/si>

Sosiale Impak @ Universiteit Stellenbosch 2018

Inhoud

1. Boodskap van die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	2
2. Boodskap van die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	3
3. Die US se temas vir Sosiale Impak	4
4. Die US se impak volgens die 7 impaktemas	5
5. Ontleding van die US se Sosiale Impak	5
6. Inisiatiewe vir Sosiale Impak deur personeel gekoördineer	5
7. Inisiatiewe vir Sosiale Impak deur studentevrywilligers	7
8. Stories van die US se Sosiale Impak	8
'Wortels en vlerke' vir die Rooidakke-gemeenskap	9
SciMathUS: Versekering van toegang tot sukses	10
Impak op gesondheidskwessies van moeders en kinders in die Dunoon- en omliggende gebied	11
US bring biodiversiteit en die gemeenskap bymekaar – die Ingcungcu Sunbird Restoration-inisiatief	12
MGD skep 'n getransformeerde studente-ervaring vir Maties	13
Bekroonde Universiteit Stellenbosch Regskliniek bied broodnodige ondersteuning aan die plaaslike gemeenskap	15
Positiewe impak van sosiaal geïntegreerde ingenieurswesenuitvoering op brandbestuur in informele nedersettings	17
Sosiale Impak in AgriWetenskappe	18
'n Opvoedkundige vennootskap tussen tronk en universiteit: Die bevordering van sosiale geregtigheid en bemagtiging deur die hervormings van leer	19
Universiteit Stellenbosch bou brûe met die burgerlike samelewing deur navorsing oor godsdiens en geslagsgeregtigheid	20
Verbetering van loopbaankeuses vir leerders van voorheen benadeelde gemeenskappe	22

Boodskap van die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel

Universiteite bestaan om 'n impak op die samelewing te hê, om relevansie, betekenis en sin te hê, om 'n verskil te maak, en om onmiskenbare waarde toe te voeg. Dít doen ons deur ons leer en onderrig, ons navorsing en innovasie, ons internasionalisering en strategieë, ons professionele en akademiese steundienste, ons personeel- en studentevrywilligerdiens, en ons vennootskappe.

Party vorme van impak is dadelik sigbaar, terwyl ander eers heelwat later waargeneem word. Sommige soorte sosiale impak is maklik om te meet; ander is moeiliker om te evalueer.

Die impak van universiteite is 'n wederkerige begrip. Dít beteken dat universiteite impak hê sowel as vóél. Hierdie tweerigting-impak geskied in alle sferes van die samelewing: die politiek, ekonomie, ekologie sowel as die burgerlike samelewing met al sy instellings (plaaslike gemeenskappe, godsdienstige gemeenskappe, opvoedkundige instellings, sport, kultuur, kuns, nieregeringsorganisasies, sosiale bewegings, verskeie vrywilligers en aktiviste, ensovoorts). Deesdae is die openbare diskoers wat openbare beleidvorming en praktyke beïnvloed nóg 'n gebied waar universiteite 'n impak het.

Universiteite se impak is transformerend. Dit is impak met 'n bepaalde oriëntasie, rigting en doel. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal duidelik in watter rigting Suid-Afrikaanse instellings en individue behoort te transformeer. Suid-Afrika moet 'n land word met menswaardigheid vir almal, genesing vir almal, geregtigheid vir almal, vryheid vir almal, en gelykheid deur billikheid vir almal. In dié verband kan die Universiteit Stellenbosch op ten minste drie maniere 'n transformerende impak hê, naamlik ter versterking van die gemeenskaplike logos, etos en patos van die samelewing.

Logos verwys na 'n toewyding aan intellektualiteit, rasionaliteit, redelikheid, ontleding, stelselmatigheid en wetenskaplike werk (wat ook verklaar waarom ons akademiese dissiplines sosio-logie, teo-logie, bio-logie, ensovoorts, genoem word). Die doel van intellektuele werk is om die gepaste pad vorentoe te bepaal te midde van kompleksiteit, teenstrydigheid, dubbelsinnigheid, pluraliteit, paradoksaliteit (dinge wat teenstrydig lyk, maar nie is nie), dualiteit (en-en- in plaas van slegs of-of-benaderings), tragedie en aporie (doodloopstrate). Ons het die een of ander vorm van eenvoud nodig om kompleksiteit teen te werk. Ons het intellektuele werk en die formulering van teorieë nodig, want, soos Immanuel Kant gesê het, daar is niks so prakties soos 'n goeie teorie nie. Ons moet ons aansluit by die hermeneute en sinsoekers se strewe om nuwe wêreldes met behulp van woorde te skep. Ons moet die liefde vir logos herstel.


Etos hou op sy beurt verband met die soort habitat wat ons skep: die gewoontes, vaardighede en ingesteldhede waarmee ons leef, en die handelinge wat ons uitvoer. Etiese burgerskap en leierskap, selfs etiese heldemoed, maak deel uit van die plig van 'n universiteit as een van die samelewing se mees kosbare, beskaafde en gesofistikeerde instellings.

Laastens gaan patos oor deernis, wat ook een van die Universiteit Stellenbosch se kernwaardes is. Ons is verbind tot persoonlike en institusionele deernis. Patos wat streef na die welstand van almal, veral van die kwesbaarstes onder ons, is die beweegrede vir alles wat ons as 'n universiteit doen.

Ek is bly om te kan sê dat die noodsaak van sosiale impak al hoe meer aandag geniet by die Universiteit Stellenbosch, en met al hoe meer geesdrif aangepak word.

Prof Nico Koopman, Viserektor:

Sosiale Impak, Transformasie en Personeel



Boodskap van die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie

Al hoe meer inisiatiewe is in die loop van 2018 op die US se Sosiale Impak-kennisplatform geregistreer. Die fokusgebiede en implementering van die sosiale-impak- (SI-) temas en strategiese plan neem duidelik fluks vorm aan by ons instelling. Dit sal aanhou versterk en ontwikkel in die jare wat voorlê namate sosiale impak by die US toenemend by die Universiteit se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 aanpas. Die Afdeling Sosiale Impak (ASI) sal voortgaan om 'n fasiliteringsrol in dié verband te vervul.

Noemenswaardige ontwikkelings die afgelope jaar was ons klem op die registrasie en strategiese indeling van SI-inisiatiewe, die versterking van vennootskappe oor grense heen, en die uitbreiding van verhoudings met die plaaslike Stellenbosse gemeenskap.

SI-inisiatiewe

Die getal SI-inisiatiewe by die US neem geleidelik toe. Tans val die klem daarop om dit in temagroepe en geografiese gebiede in te deel. Sodoende versterk ons die algehele impak van die inisiatiewe, wat oor ál die US se fakulteite sowel as professionele en akademiese steundienste- (PASD-)omgewings heen strek.

Strategiese vennootskappe

ASI gaan voort om sy vennootskappe in verskeie inisiatiewe met sowel interne as eksterne belanghebbendes uit te bou. Hierdie vennootskappe sluit in ondertekende ooreenkomste met staatsdepartemente, plaaslike munisipaliteite, ander hoërondewysinstellings en nieregeringsorganisasies (NRO's), en steek die tradisionele grense van onderrig en leer sowel as navorsing oor.

Die plaaslike gemeenskap

Om 'n impak op die groter Stellenbosch te hê bly 'n prioriteit vir die US. Dit geskied op verskillende vlakke. ASI skakel deurlopend met etlike belanghebbendes op die dorp, waaronder die plaaslike munisipaliteit, godsdienstige leiers, skole, NRO's, ensovoorts. Hierdie pogings is onlangs versterk met die vestiging van 'n nuwe belanghebbendeskaakelingsforum – die Samewerkende Bestuursforum – wat verskillende gemeenskapstrukture in die Stellenbosch-omgewing byeenbring.

Die betrokkenheid, funksionering en impak van die Sosiale Impak-komitee van die Senaat (SIK[S]) het ook in 2018 meer stukrag gekry. Dit het tot sterker, meer doelgerigte implementering van die SI Strategiese Plan gelei. Deur hierdie komitee, sowel as deur die verskillende SI-komitees in die onderskeie fakulteite, word SI stewig veranker by ons instelling deur middel van die US se kernbedrywighede van onderrig, leer en navorsing, en word dit sodoende 'n kerndeel van alles wat ons doen.

Ek benut graag hierdie geleentheid om dr Antoinette Smith-Tolken vir meer as 20 jaar diens aan die US te bedank. Ons sal veral haar bydrae tot die vestiging van diensleer by ons instelling, die versekering van samelewingsrelevante navorsing en die implementering van die SI Strategiese Plan onthou – eers in haar hoedanigheid as adjunkdirekteur en later ook direkteur van ASI.

Boonop verwelkom ek Ernestine Meyer-Adams as ons nuwe ASI-direkteur. Ernestine het voorheen in 'n soortgelyke rol by die Universiteit van Johannesburg gedien. Sy spog met uitgebreide ervaring op nasionale gemeenskapskaakelingsplatforms.



Dr Leslie van Rooi, Senior Direkteur:
Sosiale Impak en Transformasie

Die US se temas vir Sosiale Impak

Die Universiteit Stellenbosch se impak word volgens sewe impaktemas ingedeel wat ooreenstem met die VN se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte, die Nasionale Ontwikkelingsplan en Provinsiale Strategiese Doelwitte.



Werksg geleentheid en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling



Veiligheid, sekuriteit & goeie bestuur



Hulpbronne & infrastruktuur



Omgewing & volhoubaarheid



Voedselsekerheid & gesondheid




Sosiale & geslagsgeregtigheid



Onderwys vir almal



US se impak volgens die 7 impaktemas




Ontleding van die US se Sosiale Impak


In 2018 is 180 inisiatiewe vir sosiale impak wat deur personeel gekoördineer is en waarby personeel of personeel en studente betrokke is asook 43 studentevrywilliger-inisiatiewe geregistreer en goedgekeur. US-personeel en -studente neem hoofsaaklik aan inisiatiewe vir sosiale impak saam met vennote in die Stellenbosch-omgewing en breër Wes-Kaap deel, maar ook op nasionale, streeks- en internasionale vlak. Hier onder is 'n grafiese uitbeelding van die US se sosiale impak.

Inisiatiewe vir Sosiale Impak deur personeel gekoördineer


2018-inisiatiewe volgens fakulteit



2018-inisiatiewe volgens tipe




2018-inisiatiewe volgens vennootkategorie



2018-inisiatiewe volgens teikengroep


Inisiatiewe kan meer as een teikengroep hê. Hierdie grafiek toon betrokkenheid in elke teikengroep.



Inisiatiewe vir Sosiale Impak deur studentevrywilligers

2018-inisiatiewe volgens tema

Temas	Aantal inisiatiewe
Onderwys vir almal	26
Voedselsekerheid & gesondheid	7
Omgewing & volhoubaarheid	4
Sosiale & geslagsgeregtigheid	3
Werkseleentehede en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling	2
Hulpbronne & infrastruktuur	1
Veiligheid, sekuriteit & goeie beheer	0
Totaal	43



Stories van die US se Sosiale Impak



‘Wortels en vlerke’ vir die Rooidakke-gemeenskap

Die verskaffing van bekostigbare behuising is noodsaaklik vir die verbetering van lewensgehalte en versekering dat huishoudings 'n beveiligde bate het om 'n beter toekoms te verseker.

Die realiteit is dikwels egter anders weens die suboptimale gehalte van huise wat aan begunstigdes oorhandig word. Die gehalte van huise is dikwels so onvoldoende dat die munisipaliteit nie grondbriewe kan uitreik nie, wat beteken dat die huise nie wetlik as oordraagbare bates erken word nie.

Ten einde hierdie kwessie aan te pak, is 'n samewerkende inisiatief tussen die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Ingenieurswese en Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, die University of Bath in die VK, die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings, die plaaslike munisipaliteit, boukontraakteurs en die Rooidakke-gemeenskap van stapel gestuur.

Die doel van die inisiatief was om 'n aanspreeklikheidsinstensie in die bou van gesubsidieerde staatsbehuising bekend te stel om die gehalte van die huise wat gebou word, te verbeter.

'n Loodsprojek is in Rooidakke, 'n gemeenskap net buite Grabouw, begin, op grond van die hipotese dat bykomende toesighouding die gehalte van die huise kan verbeter, waardeur tevredenheid en 'n gevoel van eienaarskap vir die begunstigdes verbeter kan word.

Die ekonomie van die situasie is 'n moeilike taak. Weens die hoë vraag na huise is daar 'n ernstige agterstand ten opsigte van huise wat voltooi moet word. Inflasie en onvoldoende behuisingssubsidies beteken dat laegehalte-arbeiders uit die gemeenskap gebruik word, wat min of geen vaardighede het nie. Die boumaatskappy moet dan hierdie vaardighede aan die arbeiders leer, wat gevolglik werk met beter betaling elders gaan soek. Dit beteken dat halfgeskoolde arbeiders ongeskoolde werkers moet oplei, wat tot gehalteprobleme lei en op lang termyn meebring dat meer hulpbronne benodig word om hierdie kwessies reg te stel.

Maar wie is verantwoordelik en kan enigiemand verantwoordbaar gehou word? Is dit die regering, die boumaatskappye, die arbeiders, begrotingsbeperkings of staatswaardeerders?

Studente van die Departement Siviele Ingenieurswese het die bouterreine weekliks besoek om inspeksies te doen. Die studente het dan hul bevinding aan die kontrakteurs oorgedra, sodat die kwessies reggestel kan word en terugvoering in aanmerking geneem kan word. Veldwerkers wat uit die Rooidakke-gemeenskap gewerf is, is ook opgelei om hulle te bemagtig om die gemeenskap by te staan deur terugvoering te gee.

Hierna is 'n opname gedoen om die tevredenheid van die begunstigdes te bepaal, wat 'n baie hoër vlak van algemene tevredenheid met hul nuwe huise aangetoon het. Die begunstigdes is ook toegerus met die nodig kennis om self terugvoering te gee wanneer kwessies opduik.

“Die samewerking deur die studente was grondliggend om al die belanghebbendes bymekaar te bring om probleme te bespreek en saam aan oplossings te werk, waardeur werkverhoudings verbeter is en gehaltekwessies hanteer kon word wanneer dit opduik, eerder as ná die tyd. Die studente het ook insig in werklike probleme in 'n werksomgewing verkry,” sê Marisa von Fintel, dosent in die Departement Ekonomie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Die volgende stappe vir die inisiatief is om die omvang van die projek te vergroot deur die ontwikkeling van 'n app om reëltijd-inspeksies vas te lê en die bekendstelling van werkswinkels vir alle betrokke partye.



Universiteit Stellenbosch-studente skakel met die Rooidakke-gemeenskap



Die SciMathUS-program vorm deel van verskeie eenhede in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch (US) en spesifiek in die US se Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP). Die program bied jaarliks aan 100 leerders wat reeds graad 12 geslaag het maar nie vir hoër onderwys kwalifiseer nie 'n tweede geleentheid om hul NSS-resultate in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde en Inleiding tot Ekonomie te verbeter om heraansoek te doen om universiteitsprogramme.

Sedert die stigting van SciMathUS in 2001 het meer as 1 100 studente die program suksesvol voltooi. Vir SciMathUS-studente is daar ook 'n oorkoepelende begeerte om hul lewens te verbeter, hul drome te verwesenlik en terug in hul plaaslike gemeenskappe te ploeg – die noodsaaklike vaardighede en kennis waarmee hulle by die US toegerus is.

Volgens dr Trevor Louw, SUNSEP se direkteur, getuig die sukses van die SciMathUS-studente van die harde werk van elke personeelid by die program. "Dit is so opwindend om te sien hoe goed ons studente op hierdie vlak vaar. Hulle het gewys dat dit moontlik is om die uitdagings waarvoor talle jongmense in ons samelewing te staan kom, te oorkom. Hier by SciMathUS was ons groot ding nog altyd om toegang tot 'n tweede kans op tersiêre onderwys te bied. Dit is selfs nog beter as daardie toegang tot sukses lei."

Volgens Lungiswa Tolobisa het die SciMathUS-program haar gehelp om meer bewus te wees van hoe belangrik dit is om diensbaar te wees en aan ander voornemende US-studente terug te gee. Terwyl sy haar grade aan die US voltooi het, het sy met administratiewe werk vir voornemende SciMathUS-studente gehelp en was 'n inwonende mentor by Boland Kollege in Stellenbosch, waar talle SciMathUS-studente tuisgaan terwyl hulle die program voltooi. "Ek wou daardie ervarings met nuwe studente in die program deel en hulle hopelik help om ook hul doelwitte by die US te bereik."

Die program bied aan SciMathUS-studente nie net 'n tweede kans om vir hoër onderwys te kwalifiseer nie, maar ook die geleentheid om aan die SciMathUS-werkgereedheidsinisiatief (SGEI) deel te neem, wat hulle help om ingeligte beroepsbesluite te neem en hulle aan hul droomloopbaan blootstel.

Die SGEI is 'n samewerkingsprojek tussen SciMathUS en Thyme2B, 'n maatskappy wat beroeps- en werkgereedheids-afrigting bied. Die SGEI se doelwitte is om huidige SciMathUS-studente te ondersteun om ingeligte beroepskeuses te maak en hul selfvertroue en mense- en sagte vaardighede te ontwikkel en te bevorder. 'n Volgende fase behels hulp aan voormalige SciMathUS-studente met die ontwikkeling en uitbreiding van hul sosiale netwerke tydens hul hoëronderwysreis en bystand om die oorgang na 'n eerste pos te vergemaklik.

Volgens dr Elza Lourens, 'n SciMathUS-fasiliteerder en die een wat aan die spits van die SGEI staan, is hulp aan studente met beroepskeuses en die bou van sosiale netwerke uiters noodsaaklik vir hul loopbaansukses. "Navorsing toon dat toegang tot die arbeidsmark toenemend moeilik raak as 'n moontlike werknetwerk nie vooraf opgebou is nie. Met die SGEI wil ons studente help om hul passie te verken en op loopbane te besluit wat op lang termyn die beste vir hulle sal wees."

Die inisiatief het die 100 huidige SciMathUS-studente met beroepskeuses en die ontwikkeling van netwerke gehelp. Een van hierdie studente is Karabo Thobejane, 'n huidige SciMathUS-student wat in sterrekunde en astrofisika belangstel. Hy het die geleentheid gekry om die Suid-Afrikaanse Sterrewag in Kaapstad te besoek om die dag met astrofisikus mev Shazrene Mohammed deur te bring. "Mev Shazrene was baie vriendelik en het my baie van die beroepsgebied van sterrekunde vertel. Ek het ook die geleentheid gekry om met ander Sterrewag-personeel, sterrekundiges, PhD-studente en nadoktorale navorsingsgenote by die Sterrewag te gesels. SciMathUS was tot dusver krities tot my groei. Ek het geleer dat kennis sonder begrip nutteloos is," sê Thobejane.

Buiten met beroepsgeleenthede, help die SGEI ook om studente se mense- en kommunikasievaardighede te ontwikkel sodat hulle die regte vrae kan vra en hulself doeltreffend kan bemark. Die SGEI bied verskillende werksinkels, afrigtingsessies, assesserings, groepsintervensies en gesprekke aan om SciMathUS-studente met genoeg inligting toe te rus om ingeligte besluite oor hul loopbaankeuse te maak.

Skakel met dr Elza Lourens by 021 808 2608 of el3@sun.ac.za vir meer inligting oor die SGEI en die SciMathUS-program.



SciMathUS-graduandi



SciMathUS se openingsfunksie

Impak op gesondheidskwessies van moeders en kinders in die Dunoon- en omliggende gebied

Hierdie inisiatief, 'n vennootskap tussen die Universiteit Stellenbosch (US), Sharing Abundant Life Together (SALT) en die Departement van Gesondheid (DvG), bedien hoofsaaklik die Dunoon-gebied waar talle vroue MIV-positief en werkloos is. Daar is 'n groot gaping tussen die kapasiteit vir dienste en die behoeftes van die gemeenskap.

Die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe werk nou saam met SALT, 'n organisasie sonder winsbejag vir sosiale geregtigheid wat poog om die gaping tussen openbare en privaat gesondheidsorg te oorbrug. "Toeganklikheid, opvoeding en inligting moet ook vir die kwesbaarstes in ons gemeenskappe beskikbaar wees. Ons het 'n passie vir vroue se gesondheid in die geheel: liggaamlik, emosioneel, geestelik en sosio-ekonomies," sê Sandra Warne van SALT. "Ons help ook vroue om vir ID-boekies, geboortesertifikate en toelae aansoek te doen en bied 'n beradingsdiens wat strek van werkloosheid en lewensvaardighede tot prostitusie en mensehandel. Ons glo in gelyke regte en waardigheid vir almal."

In die loop van die jaar het Johnson & Johnson se babaprojekte-afdeling opleiding en inligting aan die US se versloskundestudente verskaf oor hoe om babas te bad en te masseer asook basiese versorg vir pasgeborenes en kinders. Die inligting en vaardighede is daarna aan die moeders by SALT oorgedra. Altesaam 43 studente het inligtingspraatjies aan 120 vroue gelewer en is opgelei in onderwerpe soos inentings, borsondersoeke, diarree en gevaartekens, voorbehoeding en hoe om babas te bad en te masseer. Die vroue kon daarna hierdie inligting aan hul familie, vriende en gemeenskapslede oordra. "As 'n vroedvrou kan ek die lewens van vroue en kinders verbeter en 'n impak op 'n kind se eerste 1 000 dae en daarna maak," sê sr Amy Howes.

"Ons het geleer van die belang van ontwikkeling van persoonlike vaardighede deur in 'n taal te praat wat 'n vrou kan verstaan. Ons bemagtig vroue deur hulle op te voed en dit sal help om ons gemeenskap en nasie te versterk. Ons wens is om gesondheidsdienste, van die behandeling van siekte en traumas tot die voorkoming daarvan, te heroriënteer. Deur 'n ondersteunende omgewing vir gesondheidsdienste te skep, skep ons ook 'n onbevooroordeelde houding teenoor mense se keuses, lewens en menings. Ons wil hê alle vroue moet weet ons is daar vir hulle. Dit skep ook 'n omgewing van vertroue – dit is baie belangrik dat verpleërs 'n onbevooroordeelde houding het. Die werklikhede van vroue in verskillende gemeenskappe, soos 'n gebrek aan geld vir vervoer, kan hulle verhoed om in noodgevalle toegang tot 'n apteek te verkry, byvoorbeeld vir diarree-medikasie. 'n Mens moet realisties na die probleme kyk en hulle vertel wat hulle in 'n noodgeval vir hulself en hul kinders kan doen. Dit was 'n verootmoedigende ervaring om die groot sosiale behoefte in die gemeenskap en die behoefte aan basiese onderwys te sien," sê sr Amy Howes.

Deur die jaar het gevorderde versloskundestudente in vennootskap met SALT gewerk en 'n welneesdag met 80 vroue gehou. Hulle het bloeddruklesings, gewig en LMI geneem en urine- en swangerskapstoetse gedoen om 'n algemene idee van die vroue se gesondheid te kry. Hulle het 'n praatjie gelewer oor voortplantingsgesondheid en gesinsbeplanning en oor antiretrovirale nakoming gesels. Hulle het mondelinge en inspuit-voorbehoedingsopsies op die dag gebied en dit is weereens uitgelig dat die vroue nie toegang tot basiese inligting het nie en onvoldoende toegang tot basiese voorkomende gesondheidsorgmaatreëls het.

Op 7 Augustus, as deel van vrouemaand en in samewerking met SALT en Pink Drive, het studente borsondersoeke vir die vroue van Dunoon en die publiek gedoen. Hulle het 158 vroue gesien en borsondersoeke, gesondheidsopvoeding en demonstrasies oor bors-selfondersoeke gegee. Vroue met toegang tot privaat mediese sorg het geen opvolging benodig nie. Sestig vroue is vir opvolging verwys, waarvan vyf kwaadaardig was en nie toegang tot privaat mediese sorg gehad het nie. Dit wys op ongelyke ervaring met betrekking tot vroue met toegang tot privaat gesondheidsorg en dié daarsonder.

Daar is 'n ernstige gebrek aan toegang tot inligting onder vroue in Dunoon en 'n gebrek aan toegang tot basiese gesondheidsorg. Die bestaande gesondheidsorg is oorlaai en dit lei tot lang wagperiodes waartydens vroue wat inspuit-voorbehoeding benodig nie opgevolg kan word nie. As gevolg hiervan neem onbeplande swangerskappe toe. Talle ander kwessies het ook na vore gekom – rakende sosiale, emosionele en geestesgesondheid. Studente was daar om na die vroue te luister en kon bydra tot die stryd teen borskanker.

Studente wat by hierdie inisiatief betrokke was, het persoonlike groei ervaar ten opsigte van bestuursvaardighede na hul persoonlike kennis het uitgebrei en hulle het die geleentheid gekry om 'n diens aan hierdie gemeenskap te lewer. Die gaping tussen openbare en privaat gesondheidsorg moet oorbrug word. Daar moet meer samewerking tussen die US, die DvO en organisasies sonder winsbejag in hierdie opsig wees en meer gesondheidsbevorderings- en siftingsdae moet in die toekoms aangebied word.



Johnson & Johnson's het opleiding en inligting verskaf oor die bad en massering van babas en basiese versorg vir pasgeborenes en kinders



US bring biodiversiteit en die gemeenskap bymekaar – die Ingcungcu Sunbird Restoration-inisiatief

Die doel van die Ingcungcu-inisiatief, vernoem na die Xhosa-woord vir “voëls met lang snawels”, is om ’n migrasiekorridor vir nektarvretende voëls oor die Stad Kaapstad heen te heropen deur tuine met voëlbestuifde plante op skoolgronde te plant.

Die inisiatief, onder leiding van prof Anton Pauw van die Departement Plant- en Dierkunde van die Universiteit Stellenbosch (US) en Bongani Mnisi, hoof van natuurbewaring vir die Stad Kaapstad, betrek leerders en onderwysers van agt skole oor die Skiereiland heen en verskeie vennote uit die groter gemeenskap. Ceinwen Smith, ’n privaat bewarings- en onderwyskonsultant, bestuur tans die projek.

Die projek het in 2013 begin toe Bongani, toe ’n deeltydse student aan die US, besluit het om sy meestersgraadtesis te skryf oor hoe die herstel van die nektarvretende voëlgemeenskap leierskap vir biodiversiteit kan identifiseer en kweek. Sy studieleiers, prof Pauw (PhD) en dr Sjirk Geerts (PhD), gebaseer by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, het Bongani op die baan gelei wat aanleiding gegee het tot ’n uiters suksesvolle biodiversiteits- en gemeenskapsinisiatief.

Die uitdaging, soos deur prof Pauw geïdentifiseer, was hoe om die impakte van die groeiende stad op sy natuurlike omgewing te versag terwyl die voordele van biodiversiteit terselfdertyd benut word. “’n Unieke aspek van die fynbos-plantegroei wat die stad omring, is dat die dominante struik van voëls vir bestuiwing en gevolglik saadproduksie afhanklik is. Die stad is egter ’n hindernis tot die migrasie van hierdie voëls,” verduidelik prof Pauw.

Alhoewel daar slegs vier spesies vaste nektarvretende voëls in die Kaap is, is hulle die bestuiwers van ongeveer 350 plantsoorte.

Om die teorie oor die belang van habitatkorridors vir die handhawing van biodiversiteit te toets, is agt skole as liggings vir die kweek van tuine met voëlbestuifde plante gekies.

Die agt skole is gekies om ’n korridor te vorm wat ’n deel van die Tafelberg Nasionale Park met die afgesonderde Rondevlei Natuurreservaat op die Kaapse Vlakte verbind. Tuine met ’n grootte van ongeveer 200 m² is in April/Mei 2014 by die vier hoërskole geplant, en in Augustus 2017 by die vier laerskole. Die leerders en personeel van elke skool is betrokke by die voorbereiding en plant van die tuine, en is geleer hoe om voëls te identifiseer en op te teken.

Die opening van hierdie migrasieroete is veral belangrik wanneer brande die plantegroei tydelik uitdun, wat voëls dwing om die gebied te verlaat om soek na nektar.

“Die projek is steeds in ’n baie vroeë fase en die uitwerkings is steeds klein. Jangroentjies is in 2016 vir die eerste keer in die tuine gesien. Die uitwerkings op die leerders was egter indrukwekkender, met ’n aanmerklike toename in hul kennis van die natuur,” sê Bongani.

Buiten die US se betrokkenheid by die praktiese toepassing van navorsingsbevindinge, wat tot wetenskaplike referate en verbeterde omgewingsgesondheid lei, bied die inisiatief aan leerders ’n geleentheid om aktiewe rolspelers in die skepping van ’n meer volhoubare toekoms te word.

Die skole en die omgewing sal albei by die tuine baat, wat ’n toename in groen ruimtes in die stedelike omgewing en ’n geleentheid om in aanraking met die natuur te kom, bied.

“Ons visie vir die volgende tien jaar is om die korridor oor die Kaapse Vlakte tot by die Stellenbosch-berge uit te brei,” sê prof Pauw.

Die inisiatief het wyd verspreide ondersteuning ontvang en toekomsplanne sluit die moontlikheid van ’n app in om te help met die identifisering en optekening van voëls. Die versameling van saad en die verkryging van plante bly uitdagings vir die toegewyde span.

Besoek gerus die volgende webtuistes vir meer inligting oor hierdie inisiatief asook oor hoe om daarby betrokke te raak:

- [Stellenbosch University Social Impact Initiative Profile](#)
- [Ingcungcu Sunbird Restoration Project-webtuiste](#)
- [Ingcungcu Sunbird Restoration Project Facebook-bladsy](#)

Leerders van Levana Laerskool besig om *Salvia Africana*-Lutea te plant



Die jaar 2018 het baie opwinding vir die Universiteit Stellenbosch (US) en Maties Gemeenskapsdiens (MGD), wat in die Afdeling Sosiale Impak gehuisves word, ingehou. Personeel en studente het nie net Mandela se 100ste verjaardag gevier nie, maar ook die US se eeufeesjaar met etlike inisiatiewe wat groot impak gemaak het.

Die belangrikste hiervan het tydens Mandela-week plaasgevind, waartydens studente gewys het dat daar meer as 'n '100 maniere' is om 'n impak te maak.

'n Kern-inisiatief van die viering van Mandela-week was die Toasties for Tummies-inisiatief, waarin 'n tamaaie 10 000 toebroodjies vir verskeie organisasies om Stellenbosch gemaak is. Die Golden Key Stellenbosch-afdeling, in samewerking met MGD, bied die projek jaarliks aan.

Buiten die Toasties for Tummies-inisiatief het 'n groot verskeidenheid gebeure met betrekking tot onderwys, die kunste, sport, gesondheidsbevordering, gesprekke, leeskompetisies en donasieveldtogte, onder andere, op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampus plaasgevind.

Die aktiwiteite het op 'n samewerkende gemeenskapsgeleentheid in die Kylemore-gebied uitgeloop, wat die WOW-debatfees, 'n geleentheid vir gesondheidsbevordering, Maties Sportdag asook die Amazing Reading Race – 'n pret program ontwerp om bewustheid te skep van die belang van lees met spoed en begrip – ingesluit het.

Hierdie is die soort programme wat MGD van stapel stuur om aan studente die geleentheid te bied om met gemeenskappe te skakel en betrokke te raak by volhoubare inisiatiewe wat langtermynvoordele vir die begunstigdes verseker.

MGD bestuur elke jaar een hoofprojek wat deur die jaar loop – hierdie jaar was dit 'n opvoedkundige program wat elke Vrydag by Laerskool A.F. Louw, 'n laerskool in Stellenbosch met beperkte hulpbronne, plaasvind. Hierbenewens word verskeie kleiner projekte deur die jaar gedoen, byvoorbeeld die A.F. Louw Sportdag, die gemeenskapsinteraksie-oggend, die Trip for Freedom en Mandela-week.

“Ons Studentevrywilligersprogram is op volhoubaarheid gemik en fokus op die bereiking van langtermyn-resultate in die lewens van alle begunstigdes deur leiding en opleiding aan studentevrywilligers te gee om hulle in staat te stel om uitstekende resultate in omliggende gemeenskappe te lewer,” sê mev Michelle Pietersen, senior programbestuurder by MGD.


Nog 'n belangrike inisiatief wat deur MGD bestuur word, is die Primêre Gesondheidsorg-program. Hierdie program bied 'n holistiese naurse en primêre gesondheidsorgdiens aan sekere gemeenskappe van die Wes-Kaap wat beperkte toegang tot gesondheidsorg het. Die inisiatief dra ook by tot die professionele ontwikkeling van studente en verbeter hul kliniese vaardighede deur bykomende opleiding te gee. Die studente kry ook die geleentheid om tyd met pasiënte deur te bring en na hul stories te luister, wat positief tot die opleiding van voorgraadse gesondheidspersoneel bydra.

“Ons missie is om met gemeenskappe in hul spesifieke konteks te skakel deur die verskaffing van ons dienste en gesondheidsorgopvoeding ten einde hierdie gemeenskappe te bemagtig om hul eie ontwikkeling en welsyn te verbeter en te handhaaf, waardeur hoop vir 'n volhoubare toekoms geskep word,” sê mev Avril Whate, senior projekbestuurder by Primêre Gesondheidsorg by Tygerberg.

Maties Sportdag by Kylemore



Studentevrywilliger inisiatiewe volgens tema



Studente verwerf belangrike vaardighede, wat samewerking, kommunikasie, kontekstuele leierskap en spanleierskap insluit, wat hulle help om in afgeronde, toegewyde burgers met 'n ondersoekende gees te ontwikkel.

Studente kan krediete vir hul werk vir sosiale impak verdien, wat as 'n aansporing dien vir sowel toekomstige werk as die ontwikkeling van graduandi-eienskappe om kritiese denkleiers te word wat deernis het met mense wat minder bevoorreg is.

“Ons poog om met ons werk studente te inspireer om bewuste aktEURS in die wêreld te word. Dit gaan oor die begin van 'n nuwe denkbeweging, die aansporing van nuwe maniere om te reageer op waar ons as 'n land en 'n vasteland is en om ons voorstelling van wat Suid-Afrika kan wees van nuuts af aan te vuur”, sê me Reneé Hector-Kannemeyer, hoof van MGD en Adjunkdirekteur: Afdeling Sosiale Impak.

Universiteit Stellenbosch-studente werk saam met leerders by Kylemore



Bekroonde Universiteit Stellenbosch Regskliniek bied broodnodige ondersteuning aan die plaaslike gemeenskap

Regsadvis en regshulp is dikwels nie toeganklik vir die arm en gemarginaliseerde gemeenskappe van die groter Boland-gebied nie, wat hulle kwesbaar laat vir skending van hul menseregte, soos deur uitsettings, misbruik en twyfelagtige skuldinvorderingspraktyke.

Dit is hier waar die Universiteit Stellenbosch (US) se Regskliniek intree, nie net om regshulp te bied aan diegene wat daarvoor in aanmerking kom nie, maar ook om die gemeenskap te bemagtig deur opvoeding in basiese finansiële vaardighede en verbruikersregte en verantwoordelikhede.

Deur die US Regskliniek se betrokkenheid is belangrike regsimplikasie, soos moontlike presedentskeppende diskriminasielitigasie en tamponbelastingvoorstelle, word die Kliniek erken as 'n leier op die verskillende gebiede waarop dit werkzaam is.

Ter erkenning hiervan het die US Regskliniek die prestasie-toekenning by die 2018 Afrika-regstoekenning ontvang. Die toekenning gee erkenning aan uitsonderlike prestasie in Afrika se regsgemeenskap. Die Regskliniek is die eerste ontvanger van hierdie toekenning.

Die geleentheid, wat deur Legal Week en die Korporatiewe Raadsvereniging van Suid-Afrika aangebied is, het op Vrydag 7 September 2018 by die Wanderers-klub in Johannesburg plaasgevind.

“Die erkenning deur die Korporatiewe Raadsvereniging van Suid-Afrika van ons prestasies behoort as motivering te dien vir dié individue en firmas wat ons doelstellings deel waar ons, as lede van die Afrika-regsgemeenskap, die belang van toeganklikheid van die wet vir almal op die prys stel en ondersteun. Dit help ons ook aansienlik met ons voortgesette strewe om ons visie te verwesenlik, en hiervoor is ons veral dankbaar,” het dr Theo Broodryk, bestuurder van die Regskliniek in sy aanvaardingstoespraak gesê.

Die Regskliniek is werkzaam as 'n volledige prokureurskantoor met 'n instapregsdienst, en bied regsdienste aan die armes en gemarginaliseerdes.



Hulp word vir 'n groot verskeidenheid siviele sake aangebied, soos familiereg, skuldverligting en egskeidingsake, met 'n gespesialiseerde fokus op plaasuitsettings, tans een van die belangrikste regskwessies in die Boland-streek. Uitsettings en gevolglike dakloosheid is 'n werklike bedreiging vir die menseregte van plaaswerkers en hul kinders, aangesien hulle verstoteling word met min hoop om 'n heenkome te vind en hul gesinslewe te beskerm.

Interessante feite:


Tussen Januarie en Augustus 2018 het 1 397 mense van die Regskliniek gebruik gemaak. Hiervan was 626 bestaande kliënte. Van die 771 nuwe kliënte het 468 vir regshulp in aanmerking gekom.

Januarie tot Augustus 2018


Kliënte volgens gebied




Kliënte volgens geslag



Dispute volgens tipe



Bestaande of nuwe kliënte



Die Kliniek kweek 'n kultuur van burgerlike verantwoordelikheid, en bied werksinkels aan oor uitsettings, skuldverligting en gesinsgeweld.

Mylpaal-inisiatiewe waarby die Regskliniek in 2018 betrokke was, sluit die volgende in:

- 'n Betoog aan die Nasionale Tesourie oor die bestaande lys van BTW-vrye items om sanitêre produkte vir vroue in te sluit. Die gebrek aan toegang tot higiëneprodukte vir vroue weens die hoë pryse van hierdie produkte wat as 'luukse' items beskou word, is 'n groot probleem vir arm, kwesbare en gemarginaliseerde vroue en meisies in Suid-Afrika. Sien: <https://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=5731>
- 'n Betoog aan die Regsvereniging van Suid-Afrika om die monetêre jurisdiksie van houe vir klein eise te vergroot in 'n poging om hierdie houe meer toeganklik en bekostigbaar vir almal te maak. Sien: <https://www.sulawclinic.co.za/news-base-1/small-claims-court-submissions.html>
- Die instelling van geregtelike stappe, in vennootskap met Summit en tien ander aansoekers, teen 49 respondente in die Wes-Kaapse Hooggeregshof vir geregtelike intervensie rakende sekere skuldinvorderingspraktyke waarvolgens krediteurs en invorderingsagentskappe koste, insluitende regsfooie, by debiteurs se rekeninge sowel voor as ná uitsprake kan voeg. Sien: <https://www.sulawclinic.co.za/news-base-1/news-coverage-of-landmark-litigation.html>
- Verteenwoordiging van Hendri Herbst, Suid-Afrikaanse Paralimpiese swemmer, in 'n moontlike baanbrekersaak rakende onbillike diskriminasie toe hy toegang tot 'n restaurant geweier is omdat sy gidshond hom vergesel het. Daar word gehoop dat hierdie saak die aandag sal vestig op diskriminasie teen mense met gestremdhede, veral teen diegene wat nie toegang tot hulpbronne het nie en dit nie kan bekostig om 'n regsdinging aanhangig te maak nie. Sien: <https://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=5641>

“Dit is vir ons as 'n kliniek belangrik om nie net te litigeer nie, maar ook op enige manier moontlik, deur litigasie of andersins, die doel te bereik om sistemiese regshervorming tot voordeel van arm en kwesbare individue te verseker,” sê Broodryk.

Die Regskliniek bied ook werksinkels vir plaaslike gemeenskappe en gemeenskapsleiers aan wat op die basiese regte van individue fokus en bewustheid van die toeganklikheid van die Regskliniek verhoog.

“Die Regskliniek is ideaal geplaas om 'n verskil te maak deur betrokkenheid by impaklitigasie. Deur dít te doen, veral deur dit met sukses te doen, is daar gewoonlik ná die tyd 'n tasbare verskil ten opsigte van die aantal kliënte en professionele mense wat by ons om advies en hulp kom aanklop.

Dit stel ons ook in staat om opleiding te gee oor die resultaat van die suksesvolle litigasie om te verseker dat die impak na die gemeenskap deursypel en nie net van akademiese belang is nie,” sê Broodryk.

Die Regskliniek bied opleiding aan finalejaar-regstudente en kandidaatprokureurs in die praktiese toepassing van die reg. Die studente sien ook kliënte en bied regsadvies onder toesig van prokureurs.

'n Belangrike inisiatief wat deur die Regskliniek onderneem word, is die Finansiële Geletterdheid-program. Dit is 'n interdisiplinêre program wat in samewerking met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, waarin studente met die vaardighede toegerus word om opleiding aan plaaslike skole en plase te bied oor onderwerpe verbonde aan finansiële geletterdheid, soos begrotings, die Nasionale Kredietwet en die Wet op Verbruikersbeskerming. Dit bemagtig gemeenskapslede met die nodige inligting en vaardighede vir reaksie op en/of bestuur van kwessies soos finansiële beplanning, skuldbestuur, verbruikersregte en uitsettingsprosedures en om, waar regsingryping nodig is, die Regskliniek om regsadvies te nader.

Die Regskliniek het 'n opwindende navorsingvennootskap in kliniese regsonderwys met Coventry Universiteit in Engeland gevestig, wat gebruik maak van robotika-tegnologie om regsopvoeding te bied. Studente van die regsonderwysprogram kry opleiding; is betrokke by konsultasies, onderhoude en tribunale; en werk in die algemeen met studente, personeel en kliënte in Coventry. Deur gebruik van wat in wese 'n 'groot iPad op wiele' is, kan hulle beweging oor 'n afstand beheer en interaksie met personeel oor groot afstande hê.

Die **Regskliniek-webtuiste** verskaf meer inligting oor hul dienste, regshulpbronne en selfs 'n aanlyn middeletoets om te bepaal of 'n individu vir regshulp in aanmerking kom.



Positiewe impak van sosiaal geïntegreerde ingenieurswesenuitvoering op brandbestuur in informele nedersettings

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Eenheid vir Brand-ingenieurswesenuitvoering (FireSUN) het in 2018 R2,9 miljoen van die Lloyd's Register Foundation ontvang, wat gebruik sal word om Afrika se heel eerste nagraadse program in brandingenieurswese te ontwikkel en uiteindelik die kundigheid sal verskaf wat nodig is om die vasteland teen brande te beskerm.

Die fondse beteken dat die FireSUN-span nou hul werk kan uitbrei deur die grade MEng en PhD in brandveiligheids-ingenieurswese en strukturele brandingenieurswese aan te bied. "Dit is 'n opwindende ontwikkeling op die gebied van brandveiligheidsingenieurswese in Suid-Afrika én Afrika in die geheel in 2019," sê dr Richard Walls, hoof van die FireSUN-span.

Die eenheid het ook in 2017 'n toelaag van R4,3m van die VK-gebaseerde Engineering and Physical Science Research Council ontvang. FireSUN werk saam met die University of Edinburgh se BRE Centre for Fire Safety Engineering met 'n gedeelte verbintenis tot sosiaal geïntegreerde ingenieurswese vir doeltreffende, veilige en volhoubare oplossings om die impak van brandgevaar op informele nedersettings te verlaag. Die University of Edinburgh is die tuiste van wêreldberoemde kundiges op die gebied van brandwetenskap.

Lewensgevaarlike brande, veral in informele nedersettings, bly 'n beduidende risiko in Suid-Afrika en oor die wêreld heen, met ongeveer een biljoen mense wat in sulke nedersettings woon. Weens die digte uitleg van informele behuisingstrukture is oop vure en die gebruik van paraffien om kos te kook en in die winter warm te bly 'n konstante risiko wat grootskaalse brande in informele nedersettings betref. Die groeiende getal inwoners in hierdie nedersettings in alle lande oor alle vastelande heen beklemtoon hoe belangrik dit is dat hierdie moontlik rampspoedige probleem opgelos word. Verwoestende wegholbrande – soos dié in Imizamo Yethu naby Houtbaai en in Knysna in 2017 – is gereeld in die nuus. "Navorsing toon dat Suid-Afrika een van die hoogste brandverwante sterftesyfers per capita in die wêreld het, waarvan talle in informele nedersettings voorkom," sê Walls.

"Met die toename in die Afrikabevolking en die plaaslike mynbou-, vervaardigings- en hulpbronverwerkingsbedrywe word die gepaardgaande brandrisiko's op die vasteland ook al hoe groter, en daarmee saam die behoefte aan professionele brandingenieurs. Navorsing moet gedoen word om ondersoek in te stel na faktore soos brandverspreidingskoerse, brandstofladings, brandmodelle, toetsing van alternatiewe boumateriaal, vereistes vir brandstroke, die hoeveelheid water nodig om brande te blus, en so meer. Vir dié doel sal 'n magisterprogram (MEng) en 'n PhD in brandingenieurswese die ingenieursvermoë skep wat die vasteland benodig," verduidelik hy. "Die formele brandingenieursweseprogramme sal 'n aansienlike impak hê om die kundigheid te verskaf wat nodig is om Afrika teen brande te beskerm, hetsy in die residensiële, mynbou-, nywerheid- of vervoersektor," sê Walls.

"Daar is 'n dringende behoefte om deeglike begrip te vorm van hoe brande in daardie omgewings uitbreek en versprei en watter produkte geskik is (en nie geskik is nie) ten einde die veiligheid van mense in informele nedersettings te verbeter. Namate ons bevolking teen 'n snelle tempo uitbrei en die getal mense in informele nedersettings oor die volgende paar dekades toeneem, sal beter brandveiligheidsoplossings uiteraard heelwat lewens help red. Trouens, die inwerkingstelling van brandalarms deur die Wes-Kaapse Rampbestuur en Brand- en Reddingsdienste, aangevoer deur Patricia Zweig en dr Robyn Pharoah van die Navorsingsalliansie vir Ramp- en Risikovermindering van die Universiteit Stellenbosch – het reeds lewens in gebiede soos Wallacedene gered," sê hy.

"Soos enige goeie brandingenieur jou sal sê, is brandingenieurswese 'n uiters breë vakgebied met 'n wye verskeidenheid gespesialiseerde onderwerpe, waaronder branddinamiek, die ontwerp van onderdrukkingstelsels, ontruiming, strukturele brandontwerp, noodreaksie, brandopsporing en vele meer," verduidelik Walls.

Die FireSUN-span het reeds verskeie navorsingsprojekte oor onderwerpe soos brandveiligheid in informele nedersettings, strukturele brandontwerp, industriële strukturele ontwerp en brandveiligheid in petrochemiese fasiliteite onderneem. Hierdie projekte sluit in 'n huidige ondersoek met behulp van 'n Santam-borgskap na die duisend huise wat in 2017 gedurende die Knysna-brandramp verwoes is, asook samewerking met die Wes-Kaapse Rampbestuur en Brand- en Reddingsdienste om te bepaal hoe brandalarms in informele nedersettings gebruik kan word.

Hierdie kundigheid en navorsing maak grootskaalse toepassing in lande soos Suid-Afrika, Indië, Meksiko, Suid-Amerika en Asië, asook in vlugtelingkampe, moontlik om die risiko en impak van brande te versag.

Brandtoetsing van strukture



Hierdie publikasie erken die bydraes van die afdeling Ontwikkeling en Alumni aan hierdie artikel

Die Fakulteit AgriWetenskappe het in 2018 'n belangrike rol gespeel in die talle inisiatiewe vir sosiale impak waarby die Universiteit Stellenbosch (US) deur die jaar heen betrokke was.

Kommer oor tekorte in onderwys en opleiding onder die jeug in die landbousektor het gestalte aan twee van die Fakulteit se inisiatiewe vir sosiale impak gegee. Die konsep van 'n landbou-opleidingshub by die Mariendahl-proefplaas is gegrond op 'n verbintenis om kennisoordrag aan die jeug in die landbou, wat nie toegang tot hoofstroomopleiding ná matriek het nie, te vergemaklik. Mnr Henk Stander van die Departement Veekundige Wetenskappe het daarop gewys dat, ongeag die uitkomst van dringende grondhervormingspogings in die land, daar 'n behoefte aan steun, opleiding en navorsing sal wees om voedselsekerheid te bewerkstellig, ekologiese infrastruktuur te bestuur en mense se lewensbestaan te handhaaf. Verbeterde fasiliteite op die plaas om wêreldgehalte-leer te verseker, word by die konsep ingesluit en sal tot voordeel van US-studente strek.



Studente van die Pinotage-jeugontwikkelingsagentskap

Me Marianne McKay en kollegas van die Departement Wingerd- en Wynkunde het met die Pinotage-jeugontwikkelingsakademie (PYDA) saamgewerk om 'n diens aan jongmense uit hulpbronarm gemeenskappe te lewer. Hierdie studente stel in die wynbedryf belang, maar het om verskeie redes nie toegang tot universiteitsgraadprogramme nie. Die studentegesentreerde kurrikulum is pasgemaak volgens die behoeftes van voorheen benadeelde jeugdiges tussen die ouderdom van 18 en 25 jaar. Onafhanklike en interne assesserings toon 'n 90%-indiensnemingkoers van PYDA-graduandi, verhoogde toegang tot die wynbedryf en hoë retensiesyfers, asook gewaardeerde vennootskappe tussen die Akademie en die US.

Die verspreiding van die patogeniese swam *Phytophthora* spp. in die Kaapse fynbos het PhD-student Joey Hulbert genoop om inwoners te vra om met die insameling van monsters in die Wes-Kaap behulpsaam te wees. Drie seuns van Khayelitsha, 'n ma-en-dogter-span van Stellenbosch en 'n kwekerypersoneel het saam in die laboratorium van studieleier dr Francois Roets beland om monsters by die Departement Bewaringsekologie en Entomologie te verwerk. Gewone inwoners se monsters het buitengewone resultate opgelewer. Naamregte is aan drie bydraers toegeken vir die nuwe spesies wat gevind is. Volgens die drie seuns van Khayelitsha stel hulle belang daarin om by die US aan te sluit en 'n loopbaan in bewaringsekologie te volg.

Sedert 2012 het 11 nagraadse studente onder studieleiding van me Rhoda Malgas (Departement Bewaringsekologie en Entomologie) voordeel getrek uit die navorsingsondersteuning, plaaslike kennis en wysheid van inwoners van Genadendal in die Overberg. Plaaslike vennote mev Anna Joorst, mnr Abie Joorst, me Ukita Joorst, me Patricia Stevens, me Gertrude Klein en me Jakoba Moses het 'n kernrol in hierdie samewerking gespeel. Samewerking met plaaslike vennote het ook gelei tot geleenthede vir studente-opleiding in verskeie dissiplines, met insette van US-kollegas dr Shayne Jacobs (Bewaringsekologie en Entomologie), dr Marcellous le Roux (Landbou-ekonomie), prof Alex Valentine (Plant- en Dierkunde) en dr Samantha Williams (Geografie). Beplande uitsette sluit in 'n gemeenskapseminaar later hierdie jaar, die publikasie van 'n plaaslike vaktydskrif met die resultate van studenteprojekte sedert 2012 en 'n werkswinkel met plaaslike besluitnemers teen Maart 2019. US-studente en -alumni sal hul werk ten toon stel as deel van die veldtog om graduandi-eienskappe te ontwikkel, hul wetenskap te kommunikeer en samelewingbehoefte deur navorsing aan te pak.

Besoek asseblief die Sosiale Impak-[webtuiste](#) om meer van hierdie en ander AgriWetenskappe-inisiatiewe uit te vind.



Kleinskaalse boere met multidissiplinêre span van US-personeel en -studente by Genadendal, die Overberg

'n Opvoedkundige vennootskap tussen tronk en universiteit: Die bevordering van sosiale geregtigheid en bemagtiging deur die hervormingsliking van leer

Die Ubuntu Learning Community (ULC) is 'n vennootskap tussen die Universiteit Stellenbosch (US) en die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD). Dit bevorder hoërsonderwys-geleenthede vir US- en Unisa-studente in Brandvlei-tronk in Worcester om onder leiding van US-akademiese personeel verder te studeer en saam en van mekaar deur dialoog en die deel van ervarings te leer.

Nelson Mandela was die inspirasie vir die ULC, wat gesê het, "Onderwys is die magtigste wapen wat jy kan gebruik om die wêreld te verander". Dit is die eerste keer dat 'n residensiële Suid-Afrikaanse universiteit 'n vennootskap met 'n tronk aangaan op 'n manier waarop samewerkende onderwys as die 'praktyk van vryheid' (Paolo Freire) verstaan word – 'n instrument vir transformasie en bemagtiging.

Die ULC bestaan uit verskeie komponente: 'n opvoedkundige vennootskap tussen die US en die DKD, sosiale ondersteuning en herintegrasie vir studente ná gevangenskap, en opvoeding en sensitisering van US-studente (en die breër gemeenskap) oor die gevangenisstelsel, 'n komponent wat deur studente gelei word. Hierdie komponente is belangrik vir die bemagtiging van deelnemers deur samewerking en interaksie, wat die transformatiewe mag van die onderwys as 'n instrument vir sosiale geregtigheid in die hand werk.



Vennote van die US en die Departement van Korrektiewe Dienste

Transformatiewe leer vind plaas wanneer studente aan nuwe ervarings en perspektiewe blootgestel word, soos interaksie met verskillende eweknieë – studente ontwikkel persoonlike en sosiale verantwoordelikheid, wat help om kennis en vaardighede met waardes, selfgevoel, identiteit en doel te integreer.

Deelnemers leer dat hulle dieselfde dink, visies gemeen het, dat persepsies aangenaam verkeerd kan wees en dat mense meer met mekaar in aanraking wil kom.

Hierdie inisiatief is 'n vorm van kritiese burgerskap, wat gemik is op die aanmoediging van kritiese besinning oor die verlede en die indink van 'n moontlike toekoms wat deur sosiale geregtigheid gevorm is ter voorbereiding daarop om saam in harmonie in diverse samelewings te leef.

Die inisiatief behels ook samewerkende internasionale navorsing met vennote van die Universiteit van Cambridge, VK; UC Berkeley, VSA (die Fulbright Scholar-program); en die John Jay College of Criminal Justice, VSA. Die US se betrokkenheid by hierdie inisiatief hou die moontlikheid in om aanmerklike – en oorspronklike – navorsingsuitsette op die gebiede van onderrig en leer en strafreg-verwante gebiede te genereer.

Die doel van die herintegrasie-komponent is om studente te help met die oorgang van tronk na die gemeenskap om hul onderwys voort te sit, werk te kry en stabiele, produktiewe en vervullende lewens 'daar buite' te lei. Die doel is ook om sosiale benadeling as 'n hindernis tot hoër onderwys aan te pak deur hertoegangsfasilitering en steun aan studente in die gevangenis te gee om hul studies te voltooi of ná hul vrylating by die US verder te studeer.

Die studentegedrewe/kampusonderwys-komponent is daarop gemik om die grense tussen universiteite en tronke af te breek en die gemeenskap te sensitiseer en op te voed oor die projek, ons gevangenisstelsel en die realiteite daarvan en die rol wat gemeenskappe moet speel.

"Ons moet die manier waarop ons oor oortreders en die gevangenisstelsel dink, verander om grense tussen tronke en universiteite af te breek", sê Caitlin Kleynhans ('n vierdejaar-LLB-student).

Volgens die DKD is die kanse kleiner dat mense wat aan die onderwys deelneem sal terugkeer tronk toe. Dit is tot voordeel van individue, hul gesinne en gemeenskappe. Dit lê ook die grondslag vir lewenslange leer en het 'n positiewe impak op die hele tronkbevolking.

Soos deur 'n Brandvlei-gevangene opgemerk: "Die gevangenes wat met die US-studente gewerk het, het nuwe hoop en vertroue in die goedheid van mense gekry. Ons voel weer soos mense. Julle het ons nes enige ander student behandel."

Hierdie vennootskap kan 'n reuse-impak hê om gevangenes te help om produktiewe lede van die sameleving te word en kan daartoe lei dat minder mense tronk toe gaan. Dit verbeter studente in die gevangenis se vooruitsigte vir suksesvolle terugkeer ná hul vrylating en verlaag terugvallings.

Die Eenheid vir Godsdien en Ontwikkelingsnavorsing (EGON) is 'n interdisiplinêre navorsingseenheid gebaseer in die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch. Die eenheid werk met diverse kliënte en navorsingsvennote oor die wêreld heen, en sluit vennootskappe met verskeie organisasies en geloofsorganisasies om hulle te help om by volhoubare ontwikkeling betrokke te raak. EGON fokus spesifiek op godsdien en geweld, en werk saam met regerings- en nieregingsorganisasies om intervensies te ontwikkel wat die grondoorsake van geweld aanpak en tot langertermyn-, volhoubare verandering lei. Die eenheid ontwikkel terselfdertyd akademiese teorie en tree as 'n brug tussen die akademiese omgewing en praktyk op.

EGON is onlangs deur Girls Not Brides opdrag gegee om 'n studie te doen rakende beter begrip van die rol van weerstandbiedende geloofsleiers in die Christelike, Moslem- en Hindoe-tradisies¹ ten einde kinderhuwelike stop te sit en doeltreffende strategieë te ontwikkel om saam met hulle te werk om verandering teweeg te bring.

Kinderhuwelike skend meisies se regte op gesondheid, onderwys en geleentheid. Dit stel meisies lewenslank aan geweld bloot en keer hulle in 'n armoedesiklus vas. Hier is die feite:

- **Twaalf miljoen meisies word elke jaar in die eg verbind voor hul 18de verjaardag.**
- **Byna een uit drie van hierdie meisies is nou in Afrika suid van die Sahara – 'n toename vanaf een uit sewe 25 jaar gelede.**
- **Een uit nege meisies in die ontwikkelende wêreld word teen die ouderdom van 15 in die eg verbind.**

Deur Girls Not Brides het EGON se navorsingspan toegang tot 1 000 vennootorganisasies oor veelvuldige gelowe en in meer as 95 lande gehad, wat gelei het tot navorsingsbevindings wat die werk wat deur hierdie internasionale netwerk van vennote gedoen word, vorm en rig, en want in Junie 2018 by hul internasionale kongres in Maleisië aangebied is.

Die finale navorsingsverslag, getiteld "What lies beneath? Tackling the roots of religious resistance to ending child marriage", word tans afgerond en sal in Desember 2018 vrygestel word.

"Die navorsing het bevind dat kinderhuwelike soms deur sekere geloofsleiers as 'n oplossing vir, voorkoming van of beskerming teen seksuele aktiwiteit en buite-egtelike swangerskap beskou of voorgelê word" sê dr Selina Palm, navorser by EGON.

Alhoewel nie alle geloofsleiers gekant is teen die beëindiging van kinderhuwelike nie, fokus hierdie verslag op diegene wat wel is ten einde aktiviste te ondersteun wat voor uitdaginge te staan kom in hul pogings om saam met geloofsleiers te werk. Die volgende sewe oorsake (of onderliggende grondoorsake) is geïdentifiseer wat die houdings en praktyke rig wat tipies geloofswaerstand tot die beëindiging van kinderhuwelike aanvuur:

- **Die huwelik beskou as 'n godsdienstige ritueel**
- **Gebrek aan bewustheid van die gevolge van kinderhuwelike**
- **Kinderhuwelike beskou as geloofsbevestiging**
- **Vrees van voorhuwelike seks en swangerskap**
- **Versterking van patriargale mag**
- **Ouerbeskerming en -mag oor kinders**
- **Godsdienfundamentalisme.**



Etlike strategieë word dus voorgestel met betrekking tot begrip van die spesifieke oorsake in 'n besondere konteks en om voort te bou op dit wat op die gebied oor veelvuldige gelowe heen suksesvol blyk te wees.

Nog 'n sleutelinisiatief wat tans plaasvind, is die werk wat gedoen word in vennootskap met Episcopal Relief & Development, die Zambiese Anglikaanse kerk en die Zambiese Anglikaanse Mothers' Union met betrekking tot geweld teenoor vroue (GTV) en geweld teenoor kinders (GTK).

Die navorsingsprojek vind oor 'n tydperk van agt maande in Zambië plaas, met 'n plaaslike navorsingspan wat deur EGON opgelei is as deel van die ONE VOICE-projek, 'n beweging wat met vrouegroep- en -leiers werk. Verskillende kwalitatiewe metodes word gebruik om data in te samel, insluitende Photovoice, 'n proses waardeur plaaslike navorsingsassistenten

¹. Volgens die hoofgodsdien in die lande met die hoogste kinderhuwelike.

foto's neem en stemnotas maak om te beskryf wat hulle in hul plaaslike gemeenskappe waarneem. Hierdie foto's identifiseer die sosiale en geloofsnorme wat geweld teen vroue en kinders in hul gemeenskappe ondersteun, met 'n spesiale fokus op hoe vroue moontlik GTV en GTK direk of indirek oorsien of afkeur.

Landelike Zambiese vroue in die Mothers' Union is as navorsingsassistent opgelei en met kamerafone toegerus. Hierdie vroue neem foto's van wat hulle in hul gemeenskappe waarneem en stuur die foto's, saam met 'n stemnota, weekliks na die UDRD-navorsers.

Aan die einde van die projek sal die EGON-navorsers na Zambië terugkeer om die foto's saam met die plaaslike Zambiese navorsingspan (almal vroue) te vertolk, wat die verspreiding van die resultate oor breër Anglikaanse strukture sal rig om op te voed en gesprekke op sowel senior as gemeenskapsvlak te stimuleer. Die navorsing sal ook gebruik word om langertermyn-intervensies rakende GTV/GTK in die ONE VOICE-werk te rig, wat deur Episcopal Relief & Development en Zambiese Anglikaanse leiers ontwikkel word en ook op die ontwikkeling van vroueleierskap fokus.

"Ons navorsing begin en eindig met die idee van samewerking met die doel van kennisproduksie en verspreiding. EGON is verbind tot vakkundigheid wat 'n direkte impak op die gemarginaliseerdes en ontmagtigdes het, en ons werk saam met die doel om praktyk te verbeter. Ons dra by tot die bereiking van die beste resultate vir en met begunstigdes, in hierdie geval vroue en kinders wat veelvuldige vorme van geweld in hul gemeenskappe ervaar," sê dr Palm.

Meer inligting en navorsingsverslae oor EGON se internasionale werk kan gevind word by www.sun.ac.za/urdr. Dr Selina Palm kan by spalm@sun.ac.za gekontak word.



Afgevaardigdes van die Girls Not Brides-kongres in Kuala Lumpur, Maleisië

Verbetering van loopbaankeuses vir leerders van voorheen benadeelde gemeenskappe

In die loop van 2018 het meer as 80 studente en personele van die Universiteit Stellenbosch saamgewerk om materiaal te ontwikkel en werksinkels aan te bied om beroepsvoorligting aan meer as 1 100 graad 9-leerders van agt histories benadeelde skole in Stellenbosch, Franschhoek en Delft te bied om hulle in staat te stel om geskikte vakkeuses te maak.

Volgens die projekteiërs, mev Michelle Visser en prof Tony Naidoo, was een van die ernstige probleme in die hoërondwysstelsel die gebrek aan beroepsvoorligting weens die verskuiwing in onderwys na die uitkomsgebaseerde kurrikulum. "In skole oor Suid-Afrika heen het Lewensoriëntering-onderwysers nou die taak om adolessente voor te berei om keuses oor hul toekoms te maak. Hierdie onderwysers kom egter voor aansienlike tydsbeperkings en eise te staan, wat tot beperkte beroepsvoorligting lei. Weens ongunstige sosio-ekonomiese toestande het talle leerders boonop beperkte perspektiewe rakende loopbaanopsies en die baan om hul loopbaanaspirasies te verwesenlik, en is geneig om hul moontlike keuses te beperk en der minne te skik."

Teen hierdie agtergrond het die departemente Sielkunde en Bedryfsielkunde saamgespan om loopbaanontwikkelingswerksinkels by die hoërskole Kylemore, Cloeteville, Stellenzicht, Kayamandi, Makapula, Rosendaal, Franschhoek en Groendal aan te bied.

Die doel van hierdie intervensie was onder andere om leerders te help om hul beroepsbelangstellings en ander loopbaaneienskappe te ondersoek en te identifiseer, hul loopbaaneienskappe aan loopbaankeuses te koppel en ingeligte besluite oor hul keuse van senior skoolvakke te neem. Die Lewensoriëntering-onderwysers was by die projek betrokke om skoolkapasiteit te verseker.

"Ons het hierdie projek beskou as deel van die kontrak rakende sosiale impak wat die Universiteit met sy gemeenskap het. Dit is een van die Universiteit se strategiese doelwitte om 'n kennisvenoot te wees en aan betekenisvolle interaksies met ons gemeenskappe deel te neem waardeur ons dit wat ons onderrig en waaroor ons navorsing doen aan diens kan koppel," sê prof Naidoo.

Studente wat aan die inisiatief deelgeneem het, het vertel van die impak wat dit op hul lewens en vooropgesette idees gehad het. Hul ervarings het ingesluit om die waarde te besef van die toepassing van teorie in die praktyk, om te sien hoe leerders floreer, om te besef dat toestande by skole uitdagend is en om as sielkunde- en bedryfsielkunde-studente saam te kan werk. "Die omvang en oorgloed van die leerders se potensiaal het ons uit die veld geslaan," sê hulle.

Voor die werksinkel het slegs 42,3% van die leerders aangetoon dat hulle gereed voel om loopbaankeuses te maak, terwyl 67,0% ná die werksinkel van mening was dat hulle voorbereid hierop is.

Me Carin Venter, hoof van Kylemore Hoërskool, het die projekspan bedank. "Julle het 'n hele nuwe wêreld vir ons leerders ontsluit. Die terugvoering van sowel leerders as onderwysers was baie positief en ons waardeur die ekstra moeite wat julle gedoen het," sê sy.

'n Groep ma's van leerders in Rosendaal Hoërskool in Delft was ook dankbaar. "Ons kinders gaan nou bo die res uitstaan. Hulle sal professionele mense kan word, want hulle gaan die regte vakke hê om hulle op tersiêre onderwys voor te berei," sê hulle.

Me Priscilla Booyesen, direkteur van die Rupert Onderwysstigting, wat die inisiatief gefinansier het, het genoem dat daar 'n grondige behoefte aan hierdie soort projekte is. Volgens haar ervaar hulle dikwels die uitdaging dat leerders om beurse aansoek doen sonder dat hulle die regte vakke het vir die loopbaan wat hulle wil volg.

"Ons moet besluit ondersoek hoe ons hierdie projek volhoubaar en skaalbaar kan maak. Dankie dat julle ons toegelaat het om deel van hierdie pragtige, dinamiese proses te wees," sê sy.

Loopbaanontwikkelingswerksinkel



Hierdie publikasie erken die bydraes van Pia Nanny aan hierdie artikel.